***Die voorspellings oor die menswording van JaHWeH***

**167** Ek het dit nog net gesê, of Markus was al daar en sê dat die middagmaal gereed was, en of hy dit nou moes laat bedien, want dit was intussen al die negende uur van die dag (drie uur in die middag).

[2] En **Ek** sê: "Laat dit maar bedien, want die verwagte gaste is al hier en almal is aanwesig!"

[3] Toe roep **Cornelius** die ou Markus en sê: "En, ou wapenbroer, ken jy my nog? Weet jy nie meer dat jy in Illirië en Pannonië by my was nie? Ek was toe nog meer `n seun as `n krygsman, maar sedert daardie tyd het daar reeds 45 jaar verbygegaan en ek is al byna 60!"

[4] **Markus** sê: "O, geëerde gebieder, dit lê my nog vars in die geheue! Destyds moes daar behoorlik streng opgetree word om die twissieke en rusie-soekende mense redelik in toom te hou. Aan die Bo-Ister (Donau) in die omgewing van die gehuggie Vindobona (Wenen) het dit in die begin werklik nie so goed gegaan met ons nie, maar na `n paar jaar was die saak in orde, en ons het daar goeie, gesellige uurtjies beleef.

[5] Die sedes en gebruike van die Germane was vir ons Romeine wel ietwat ru. Toe ons egter vir hulle langsaam maar seker, `n ietwat vryer geestelike ontwikkeling bygebring het, was dit daar die beste uit te hou. Die wyn wat deur hulle gemaak word was wel waterig en suur, maar dit was wel drinkbaar as jy eenmaal daaraan gewoond was.

[6] Maar nie ver van die gehuggie Vindobona, stroomop van die Ister, waar ons `n takbokjag gehou het, en daar ook, glo ek, veertig stuks neergeslaan het, vind ons `n Germaanse siener en priester met `n lang baard, wat gedurende ons takbokjag op `n eik gesit en kyk het na ons geveg met die takbokke. Hierdie man het `n bietjie Romeins gepraat en sê toe aan albei van ons, toe ons `n takbok onder sy eik doodmaak:

[7] “Onthou dit goed, moedige seuns! In Asië, in die land agter die water, wag daar groot dinge op julle! Daar sal julle iets sien wat nog geen sterfling gesien het nie! Hier heers slegs die dood. Soos die magtige takbok gedood word deur die skerpte van julle lanse en swaarde, so vergaan alles hier in die land van die dood! Maar in Asië bloei die lewe, wie daar sal wees, sal ewiglik geen dood sien nie!”

[8] Daarna hou hy toe op, en toe ons verder by hom aandring, het hy ons geen antwoord meer gegee nie en ons gaan verder, op soek na meer takbokke. - Maar kyk, die ou het toe tog werklik geprofeteer en ons belewe dit nou wat die ou Germaan aan ons voorspel het!"

[9] **Cornelius** sê: "Kyk nou net, die ou Germaan was al byna vergete gewees! Warempel, jy het gelyk! Daaroor moet ons eers nog verder met mekaar praat!"

[10] Die ou Markus plaas, bygestaan deur die bediendes van Cyrenius en Julius, die spyse op die tafels neer en **Cornelius** sê aan My: "Meester, hoe vind U die voorspelling van die Germaan wat hy my en die ou Markus, wat miskien tien jaar ouer kan wees as ek, so vele jare gelede in Europa gegee het?"

[11] **Ek** sê: "Alle volke wat êrens op die wye aarde woon, besit `n reeds aan die eerste mens gedane en gegewe profesie oor My, en oor My huidige neer-daling na die mense van hierdie aarde. Hulle priesters sien altyd kans om deur legendes en deur die innerlike drang in hul harte `n sekere weg te baan na `n geestelike aanskouing, en hulle het voorspellings in beelde gedoen, wat natuurlik baie duister was, en wat hulle self ook nie verstaan het nie.

[12] Slegs by herhaalde geestelike vervoering kom sommiges so nou en dan tot beter insigte, en verklaar dan hul vroeër ontvange gesigte ietwat nader.

[13] So was dit ook by die Germane. En die betrokke Germaan het hom juis in `n heldersiende ekstase op sy eik bevind, waarvan die uitwaseming, tesame met die angs vir julle lanse en spiese, hom gehelp het om in ekstase te kom, - en hy het aan julle `n voor-spelling gemaak. Toe hy weer na die voorspelling ontwaak, het hy niks meer geweet van wat hy aan julle gesê het nie, en kon daarom geen antwoord op julle verdere vrae gee nie.

[14] Kyk, daaruit bestaan die wesenlike van sulke voorspellings! Glo My of nie, maar die heks van Endor was toentertyd óók in `n heldersiende ekstase toe Saul haar opgedra het om die gees van Samuel vir hom op te roep, hoewel sy origens slegs in kontak gestaan het met onnatuurlike, bose geeste, en daardeur slegs leuens, arglis en bedrog voorspel het.

[15] Geen mens is so dood en sleg dat hy nie op `n bepaalde moment `n korrekte voorspelling sou kon doen nie, maar dit staan dan nie nou meteens borg vir al sy gedane voorspellings nie, maar is alleen as sodanig waar.

[16] So het die orakel te Dodona, en die te Delphi wel `n baie wyse voorspelling gedoen. Maar op één waaragtige volg dan baie valse en leuenagtige.

[17] So kan ook nie ontken word dat bepaalde heldersiendes en profete selfs wonders gedoen het nie. Maar daarteenoor staan, dat ander deur die inblasing van die bose geeste, en deur hul wêreldse verstand wat daardeur geprikkel word, baie nagemaakte wonders uitgedink het en hele volke jare lank daarmee om die bos gelei het. Daarby leef hulle goed en sorgeloos, tot daar dan deur ware sieners `n einde gemaak word aan hul lae praktyke.

[18] Maar dit gaan nie altyd so maklik nie. `n Eenmaal beetgenome volk laat hom nie sondermeer so maklik op die goeie spoor sit nie, en die volk se leuenagtige priesters nog baie minder, omdat hulle groot, wêreldse profyte daardeur op die spel geplaas sal word.

[19] Julle almal het nou die geleentheid om julle hiervan te oortuig hoe swaar dit selfs vir My moet gaan. Tog gebruik Ek `n taal wat `n siener vóór My nog nooit gebruik het nie, en Ek doen dade waarvan mens vóór My koms nog nooit gehoor het nie! Die hele hemel staan oop, engele daal af en dien My, en getuig van My. Desondanks is daar selfs leerlinge wat nog altyd by My was en alles gesien, gehoor en meegemaak het by wie die geloof nog altyd soos `n windvlaag is, en soos `n swakke rietstingel wat deur die wind, waar die ook vandaan mag kom, in elke rigting gedraai word! Nou, hoe moet dit dan met die ander, wêreldse mense daar uitsien!"

### *Leiding van mense en volkere*

**168** Deur My almagtige Woord sou Ek weliswaar alle mense in één oomblik kon herskep, maar wat sou daar dan teregkom van hulle lewensbekwaamheid en vryheid wat self deur hul gees verower moet word?!

[2] Julle sien dus dat dit nie so eenvoudig is om doeltreffend op te tree teen die dwalings wat by die volke ingesluip het nie, sonder om die vryheid van hul wil, en hul geestelik noodsaaklike selfbestemming aan te tas nie.

[3] Maar net so moeilik is dit om te voorkom dat sulke dwalings hom gryp. Die geestelike deel van die mens moet naamlik met eg en oneg, en goed en kwaad in aanraking kom om vry te kan ondersoek, te herken en te kies, waarsonder hy andersins nooit aan die dink gesit sou word nie.

[4] Hy moet altyd stryd voer, omdat hy anders aan die slaap sou raak. En sy lewe moet altyd opnuut geleentheid kry om homself in die lewe te oefen, en daardeur ook homself in stand te hou, te versterk en so sy voltooiing te bereik.

[5] As Ek nie sou toegelaat het dat daar ooit dwalinge onder die mense kon voorkom nie, maar as Ek slegs die waarheid met haar versekerde en heeltemal noodsaaklike gevolge sou toelaat, sou die mense soos `n ryk swelger en wellustige lyk, wat uiteindelik so totaal afgestomp sou word en vir niks anders meer sou sorg as dat sy buik op die regte oomblik gevul word nie!

[6] As ons alle mense liggaamlik uitstekend sou versorg het, dan kan jy daarvan verseker wees dat daar gou geen priester, geen koning, geen soldaat, maar ook geen burger, geen landbouer en geen arbeider en handwerker meer sal wees nie. Want waarom sou `n mens werk of êrens met iets besig wees, as `n mens tog meer as voldoende vir sy hele lewe het?!

[7] Daarom moet daar nood en ellende onder die mense wees, en smart en leed, omdat die mens andersins sal vergaan in sy passiewe traagheid!

[8] Hier sien julle dan nou hoe alles onder die mense moet wees, sodat hulle altyd aangespoor kan word tot allerlei aktiwiteite. En hierdie vernaamste grondoorsaak van die lewe maak dit dan ook net so onmoontlik om die insluip van dwalings te verhinder, as om die insluipsels uiteindelik te elimineer.

[9] En die kwade gevolge, wat altyd op die dwalinge volg, is uiteindelik ook die geskikste middel om die dwalinge uit te ban en die waarheid te verbreed.

[10] Die mensdom moet deur nood en ellende, wat uit die leuen, en uit allerlei bedrog ontstaan, die bittere noodsaak van die waarheid éérs diep en lewendig gaan voel, en haar ernstig gaan soek, soos die ou Ouran uit Pontus haar gesoek het, dan sal die mensdom ook weldra die waarheid vind, soos Ouran haar gevind het. Dan eers sal die waarheid, wat onder allerlei noodsaaklike ongemakke met baie moeite gevind was, werklik die mensdom kan help. As die mens haar egter net so maklik sou gevind het soos wat hy die son met sy oog aan die uitspansel kan vind, sou sy maar al te gou geen waarde meer vir hom hê nie, en dan sou hy vir sy vermaak die leuen nahardloop, soos wat `n wandelaar in die hitte van die dag soveel moontlik skaduwee opsoek, en dit meer waardeer namate hulle dieper in die skaduwee is.

[11] Die mens van hierdie aarde is dus iemand wat die moontlikheid in hom het om uiteindelik `n mens te word. Maar dan moet ook al sy uiterlike omstandighede so wees, en hom so aanspoor, dat die mens daardeur gedwing word om `n werklike mens te word!

[12] Die hele, naakte waarheid kan in die algemeen ook nie nou deur My aan die mense gegee word nie. Dit kan slegs versluier in gelykenisse en beelde gedoen word, sodat die mens eers met behulp van sulke beelde al soekende die waarheid kan ontdek. Net met julle, wat maar met min is, praat Ek nou sonder voorbehoud. Hulle, vir wie julle dit egter verder sal vertel, moet julle dit ook nie onversluier vertel nie, maar dit ook nog ietwat bedek, sodat hulle die geleentheid kan kry om vry na te dink en vry te handel. En sodat julle self ook nie lou sal word nie, sê Ek dit ook aan julle:

[13] Ek sou julle nog baie wou meedeel, maar julle sal dit nou nie kan verdra nie. Wanneer die Gees van die Waarheid egter oor julle en julle kinders sal kom, sal Sy julle in alle waarheid lei. So sal julle dan vir hierdie aarde `n volkome waarheid wees, en in Haar eers die sleutel in die hande kry tot die eindeloos vele waarhede van die hemele, welke deur hul altyd verdere en diepere onthulling, julle in ewigheid ook altyd meer en meer te doen sal gee!

[14] Maar nou roep Markus ons aan tafel, dit is ook `n waarheid en daaraan wil ons gehoorsaam wees!